# Ek lees my Bybel

Dr Hennie van Wyk

2025

Bybellees is nie maar iets wat 'n mens doen omdat jy dit moet doen nie. As jy Bybel lees, moet jy besef dat God nou persoonlik met jou praat. Die Bybel is Sy Woord. Jy kan lees en verstaan.

Ongelukkig gebeur dit dat jy Bybel lees en 5 minute later vergeet het wat jy gelees het. Dis nie lekker nie!

In hierdie paar bladsye wil ek jou wys hoe jy Bybel kan lees en onthou wat jy gelees het en die Here beter leer ken!

Is jy reg? Kom ons kyk!

Kry vir jou 'n Bybel in AL die tale wat jy kan verstaan. Lees die gedeelte in al jou verskillende Bybels.

**Gratis!**



Nou wil ek eers verduidelik waarom dit belangrik is. Die Bybel is in Hebreeus (Ou Testament) en Grieks (Nuwe Testament) geskryf, en die tale word nie meer gepraat soos in die Bybelse tyd nie. Ons verstaan dit nie! Daarom word Bybels vertaal, sodat elkeen God se stem in sy eie taal kan hoor.

Onse Vader - Grieks

9 οὕτως οὖν προσεύχεσθε ὑμεῖς· Πάτερ ἡμῶν ὁ ἐν τοῖς οὐρανοῖς, ἁγιασθήτω
τὸ ὄνομά σου.

10 ἐλθέτω ἡ βασιλεία σου. γενηθήτω τὸ θέλημά σου, ὡς ἐν οὐρανῷ, καὶ ἐπὶ τῆς
γῆς.

11 τὸν ἄρτον ἡμῶν τὸν ἐπιούσιον δὸς ἡμῖν σήμερον.

12 καὶ ἄφες ἡμῖν τὰ ὀφειλήματα ἡμῶν, ὡς καὶ ἡμεῖς ἀφίεμεν τοῖς ὀφειλέταις
ἡμῶν.

13 καὶ μὴ εἰσενέγκῃς ἡμᾶς εἰς πειρασμόν, ἀλλὰ ῥῦσαι ἡμᾶς ἀπὸ τοῦ πονηροῦ. ὅτι
σοῦ ἐστιν ἡ βασιλεία, καὶ ἡ δύναμις, καὶ ἡ δόξα, εἰς τοὺς αἰῶνας. ἀμήν.

Nou wil ek eers verduidelik waarom dit belangrik is. Die Bybel is in Hebreeus (Ou Testament) en Grieks (Nuwe Testament) geskryf, en die tale word nie meer gepraat soos in die Bybelse tyd nie. Ons verstaan dit nie! Daarom word Bybels vertaal, sodat elkeen God se stem in sy eie taal kan hoor.

Psalm 23 - Hebreeus

1 מִזְמוֹר לְדָוִד יְהוָה רֹעִי לֹא אֶחְסָר׃
2 בִּנְאוֹת דֶּשֶׁא יַרְבִּיצֵנִי עַל־מֵי מְנֻחוֹת יְנַהֲלֵנִי׃
3 נַפְשִׁי יְשׁוֹבֵב יַנְחֵנִי בְמַעְגְּלֵי־צֶדֶק לְמַעַן שְׁמוֹ׃
4 גַּם כִּי־אֵלֵךְ בְּגֵיא צַלְמָוֶת לֹא־אִירָא רָע כִּי־אַתָּה עִמָּדִי שִׁבְטְךָ וּמִשְׁעַנְתֶּךָ הֵמָּה
יְנַחֲמֻנִי׃
5 תַּעֲרֹךְ לְפָנַי שֻׁלְחָן נֶגֶד צֹרְרָי דִּשַּׁנְתָּ בַשֶּׁמֶן רֹאשִׁי כּוֹסִי רְוָיָה׃
6 אַךְ טוֹב וָחֶסֶד יִרְדְּפוּנִי כָּל־יְמֵי חַיָּי וְשַׁבְתִּי בְּבֵית־יְהוָה לְאֹרֶךְ יָמִים׃

Ons kan nie eers altyd iets mooi in Engels vertaal nie, en verstaan nie altyd as iemand Engels praat nie. Dink net hoeveel Engelse Woorde daar is vir die werkwoord "SORG": care for, take care, see, mind, look after, provide - ek dink jy kan nog 'n paar opnoem! As die Bybelvertalers nou die Hebreeuse woord "sorg" in Afrikaans of Engels moet vertaal, het hy verskillende keuses.

Deur nou die verskillende vertalings te lees, kan jy 'n idee kry wat die oorspronklike לא אחסר in Psalm 23:1 beteken, sonder dat jy die taal praat.

| | |
|---|---|
| 1933-Vertaling | ‘n Psalm van Dawid. Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie. |
| 1983-Vertaling | 'n Psalm van Dawid. Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. |
| 2020-Vertaling | 'n Psalm. Van Dawid. Die Here is my herder; ek ly nie gebrek nie. |
| Bybel vir Almal | 'n Psalm van Dawid. Die Here is my Herder, Hy sorg vir my, ek het genoeg van alles. |
| King James Version | A Psalm of David. The LORD is my shepherd; I shall not want. |
| State-vertaling | Een psalm van David. De HEERE is mijn Herder, mij zal niets ontbreken. |
| Vulgaat | canticum David Dominus pascit me nihil mihi deerit |

Terug by Bybellees.

Die Bybel is 'n boek vol goud, diamante en die mooiste edelstene. Ons moet dit net gaan soek. As jy 'n mooi klip optel, bekyk jy dit mos van alle kante. So kan ons dieselfde deel in die Bybel 'n paar keer lees, en ons sien elke keer 'n ander kant van God se boodskap aan ons.

Dit is ook belangrik dat ons die een of ander tyd al die skatte moet ontdek. Daarom is dit belangrik dat 'n mens die Bybel moet deurlees.

Dit kan egter moeilik wees! Om 'n lang boek soos Jesaja of 1 Kronieke van voor tot agter deur te lees kan 'n mens half moedeloos maak - veral as 'n mens nie alles mooi verstaan nie.

Die oplossing vir die probleem is dat ons rekord moet hou van wat ons lees - sodat ons na 'n paar jaar kan sê dat ons die hele Bybel deurgelees het. Dan het ons al die skatte raakgelees, maar ons onthou dit nie noodwendig nie. Daarom gaan ons weer en weer deur die Bybel lees - om al die kante van elke skat te kan sien, ervaar en waardeer.

Ek het 'n lys van al die hoofstukke van die Bybel op my webblad geplaas by http://www.ssplus.co.za/ander/Bybelhoofstukke.pdf

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Genesis | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | 32 | 33 | 34 | 35 | 36 | 37 | 38 | 39 | 40 | 41 | 42 | 43 | 44 | 45 | 46 | 47 | 48 | 49 | 50 |
| Eksodus | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | 32 | 33 | 34 | 35 | 36 | 37 | 38 | 39 | 40 | | | | | | | | | | |
| Levitikus | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| | 26 | 27 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Numeri | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | 32 | 33 | 34 | 35 | 36 | | | | | | | | | | | | | | |
| Deuterono-mium | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | 32 | 33 | 34 | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Josua | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | |
| Rigters | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | | | | |
| Rut | 1 | 2 | 3 | 4 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 Samuel | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2 Samuel | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | |
| 1 Konings | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | | | |
| 2 Konings | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 1 Kronieke | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| | 26 | 27 | 28 | 29 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2 Kronieke | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | 32 | 33 | 34 | 35 | 36 | | | | | | | | | | | | | | |
| Esra | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Nehemia | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | | | | | | | | | | | |
| Ester | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Job | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | 32 | 33 | 34 | 35 | 36 | 37 | 38 | 39 | 40 | 41 | 42 | | | | | | | | |
| Psalms | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | 32 | 33 | 34 | 35 | 36 | 37 | 38 | 39 | 40 | 41 | 42 | 43 | 44 | 45 | 46 | 47 | 48 | 49 | 50 |
| | 51 | 52 | 53 | 54 | 55 | 56 | 57 | 58 | 59 | 60 | 61 | 62 | 63 | 64 | 65 | 66 | 67 | 68 | 69 | 70 | 71 | 72 | 73 | 74 | 75 |
| | 76 | 77 | 78 | 79 | 80 | 81 | 82 | 83 | 84 | 85 | 86 | 87 | 88 | 89 | 90 | 91 | 92 | 93 | 94 | 95 | 96 | 97 | 98 | 99 | 100 |
| | 101 | 102 | 103 | 104 | 105 | 106 | 107 | 108 | 109 | 110 | 111 | 112 | 113 | 114 | 115 | 116 | 117 | 118 | 119 | 120 | 121 | 122 | 123 | 124 | 125 |
| | 126 | 127 | 128 | 129 | 130 | 131 | 132 | 133 | 134 | 135 | 136 | 137 | 138 | 139 | 140 | 141 | 142 | 143 | 144 | 145 | 146 | 147 | 148 | 149 | 150 |
| Spreuke | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Prediker | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | | | | | | | | | | | | | |
| Hooglied | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Jesaja | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | 32 | 33 | 34 | 35 | 36 | 37 | 38 | 39 | 40 | 41 | 42 | 43 | 44 | 45 | 46 | 47 | 48 | 49 | 50 |
| | 51 | 52 | 53 | 54 | 55 | 56 | 57 | 58 | 59 | 60 | 61 | 62 | 63 | 64 | 65 | 66 | | | | | | | | | |
| Jeremia | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | 32 | 33 | 34 | 35 | 36 | 37 | 38 | 39 | 40 | 41 | 42 | 43 | 44 | 45 | 46 | 47 | 48 | 49 | 50 |
| | 51 | 52 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Klaagliedere | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Esegiël | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | 32 | 33 | 34 | 35 | 36 | 37 | 38 | 39 | 40 | 41 | 42 | 43 | 44 | 45 | 46 | 47 | 48 | | |
| Daniel | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | | | | | | | | | | | | | |
| Hosea | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | | | | | | | | | | | |
| Joël | 1 | 2 | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Amos | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Obadja | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Jona | 1 | 2 | 3 | 4 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Miga | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Nahum | 1 | 2 | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Habakuk | 1 | 2 | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Sefanja | 1 | 2 | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Haggai | 1 | 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Sagaria | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | | | | | | | | | | | |
| Maleagi | 1 | 2 | 3 | 4 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Matteus | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| | 26 | 27 | 28 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Markus | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | | | | | | | | | |
| Lukas | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | |
| Johannes | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | | | | |
| Handelinge | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| | 26 | 27 | 28 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Romeine | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | | | | | | | | | |
| 1 Korintiërs | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | | | | | | | | | |
| 2 Korintiërs | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | | | | | | | | | | | | |
| Galasiers | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Efesiers | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Filippense | 1 | 2 | 3 | 4 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Kolossense | 1 | 2 | 3 | 4 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 Tess. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2 Tess. | 1 | 2 | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 Timoteus | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2 Timoteus | 1 | 2 | 3 | 4 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Titus | 1 | 2 | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Filemon | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Hebreërs | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | | | | | | | | | | | | |
| Jakobus | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 Petrus | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2 Petrus | 1 | 2 | 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 Johannes | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2 Johannes | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 3 Johannes | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Judas | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Openbaring | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | | | |

Druk dit gerus uit. Gebruik dit soos volg:

Ons neem as voorbeeld die boek Levitikus. Daar is 27 hoofstukke.

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Levitikus** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** | **7** | **8** | **9** | **10** | **11** | **12** | **13** | **14** |
| | **15** | **16** | **17** | **18** | **19** | **20** | **21** | **22** | **23** | **24** | **25** | **26** | **27** | |

Jy begin by hoofstuk een te lees.... En elke hoofstuk wat jy klaar is, merk jy.

Jy kom agter dat 'n mens moeilik die offers van mekaar onderskei – en slaan 'n paar hoofstukke oor...

Nou kan jy 'n ander boek lees, soos Rut. Dis 'n kort boek en jy lees al vier die hoofstukke

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Rut** | **1** | **2** | **3** | **4** |

Jy kan nou weer 'n paar hoofstukke in Levitikus lees

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Levitikus** | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | |

Jy kan ander boeke ook nou lees en elke hoofstuk merk. Uiteindelik moet elke hoofstuk gemerk wees.

Dit is goed om 'n geheelbeeld van 'n boek te kry, maar dit kan vermoeiend wees. Voor elke boek in btyvoorbeeld die 202-vertaling, is daar 'n kort inleiding. Dis deur mense geskryf en kan nuttig wees,

Moenie dink jy moet die Bybel in een jaar deurlees nie. Daar is soveel kennis in die Bybel, maar na 'n jaar kan dit voel of jy niks onthou nie - en dis nie goed nie.

Maar hoe lees ek effektief Bybel dat ek onthou wat ek gelees het?

Jy moet nou eers besluit watter deel jy in die Bybel gaan lees.



Lees net van een opskrif tot die volgende opskrif. Dit is gewoonlik 'n gedagte-eenheid.

Onthou! Opskrifte en versindelings is later in die Bybel ingevoeg en dus nie deel van die boodskap van die Bybel nie

Nou Is daar 5 vrae wat ons moet antwoord in die gedeelte wat ons lees:

1: Wat wil God van Homself sê?

2: Waarom sê God dit?

3: Wat is die boodskap aan die persoon vir wie God dit eerste gesê het?

4: Wat sê die Here aan my?

5: Hoe gaan ek dit in my lewe toepas?

Kom ons maak dit prakties. Kry jou notaboekie en trek die volgende tabel of druk die boekie "Bybelleesrekord" ([http://www.ssplus.co.za/ander/Bybelleesrekord.pdf](http://www.ssplus.co.za/ander/Bybelleesrekord.pdf)) uit:

| Datum | Skrifgedeelte |
| --- | --- |
| 1. Wat wil God van Homself sê? | |
| 2. Waarom sê God dit? | |
| 3. Wat is die boodskap aan die persoon vir wie God dit eerste gesê het? | |
| 4. Wat sê die Here aan my? | |
| 5. Hoe gaan ek dit in my lewe toepas? | |

Kom ons lees Lukas 21:1 - 4

Wat lees ons raak?

1 En toe Hy opkyk, sien Hy die rykes wat
hulle gawes in die skatkis gooi.
2 En Hy het ook 'n arm weduwee haar twee
geldstukkies sien ingooi.
3 En Hy sê: Waarlik, Ek sê vir julle dat
hierdie arm weduwee meer as almal
ingegooi het.
4 Want hulle almal het uit hul oorvloed by
die gawes van God ingegooi, maar sy het
uit haar gebrek ingegooi alles wat sy gehad
het om van te lewe.

Jesus staan by die tempel.

Mense gee hulle offers aan die Here.

Jesus kan die gesindheid van die weduwee raaksien.

Jesus weet wat die lewensomstandighede van die weduwee is.

As ons nou die tabel voltooi, kan hy só lyk:

| Datum: *2025-01-30* | Skrifgedeelte: *Lukas 21:1 - 4* |
| --- | --- |
| 1. Wat wil God van Homself sê? | *God (Jesus) weet wat die mens se omstandighede is.*<br>*God weet wat my gesindheid is* |
| 2. Waarom sê God dit? | *Jesus praat met die dissipels. Hulle moet weet God sien met watter gesindheid die mens Hom dien* |
| 3. Wat is die boodskap aan eerste leser? | *Die dissipels moet weet dat God sien hoe hulle die Here dien met hulle offergawes* |
| 4. Wat sê die Here aan my? | *Die Here sien ook my gesindheid raak waarmee ek iets vir Hom gee.* |
| 5. Hoe gaan ek dit in my lewe toepas? | *Ek gaan van nou af ook my beste aan die Here gee, want ek is dankbaar dat Hy vir my sorg* |

# Moeilik, baie moeilik, verskriklik moeilik...

Daar is nie 'n maklike deel in die Bybel nie.

Die Bybel is soos 'n diep poel water - die domste mens kan diep genoeg lees om sy verlossing te ken en verstaan, terwyl die slimste teoloog nie die bodem van die Godsopenbaring kan sien nie.

Lees, vra vrae. Moenie bang wees om notas on jou Bybel te maak nie




*Die Bybel is 'n eenheid, en gedeeltes word herhaal en aangevul. Daarom is kruisverwysings baie baie baie noodsaaklik*

# Manasse – 2 Konings 21

1 Manasse was twaalf toe hy koning geword het, en hy het vyf en vyftig jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Gefsiba. 2
Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here en het die afskuwelike optrede van die heidennasies nagevolg wat
deur die Here verdryf is om vir die Israeliete plek te maak.
3 Hy het die hoogtes wat deur Hiskia, sy pa, verwoes is, weer opgebou, altare vir Baäl opgerig, 'n Asjerabeeld gemaak
soos koning Agab van Israel gedoen het en al die hemelliggame aanbid en gedien. 4 Hy het selfs afgodsaltare gebou in
die huis van die Here, die plek waarvan die Here gesê het: “In Jerusalem wil Ek my Naam vestig.”

9 Maar hulle het nie geluister nie. Manasse het Juda die verkeerde pad laat loop, sodat hulle erger aangegaan het as die
nasies wat deur die Here uitgeroei is om vir Israel plek te maak.

16 Behalwe die sonde wat Manasse Juda laat doen het, wat verkeerd was in die oë van die Here, het Manasse ook nog
baie onskuldige mense laat doodmaak. Jerusalem was van hoek tot kant vol bloed.
17 Die ander verhale oor Manasse en alles wat hy gedoen het, en die sonde wat hy gedoen het, is opgeteken in die
annale van die konings van Juda.
18 Manasse is oorlede, en hy is begrawe in die tuin by sy paleis, die tuin van Ussa. Sy seun Amon het hom as koning
opgevolg.

Vrae:

1. Is dit belangrik dat hy 12 was?
2. As hy so goddeloos is, waarom 55 jaar regeer?
3. Is hy verlore of gered?

Kruisverwysings!!!!

1933/53-vertaling

vaders, en sy seun Manasse het in sy plek koning geword.

*Regering van die goddelose Manasse.*

21 [d] MANASSE was twaalf jaar oud toe hy koning geword het, en hy het vyf-en-vyftig jaar in Jerusalem geregeer; en die naam van sy moeder was Hefsíba.

2 En hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE, volgens

[d] Tot vers 9. II Kron. 33: 1-9.

[e] Tot vers 19. Jes. 39: 1-8.

2020-vertaling

**Manasse koning van Juda**

21 Manasse[d] was twaalf jaar oud toe hy koning geword het, en hy het vyf-en-vyftig jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Gefsiba

**Manasse:** 1 Kron 3:13; Matt 1:10 **21:1-9** 2 Kron 33:1-9

Kruisverwysings!!!!

1933/53-vertaling

vaders, en sy seun Manasse het in sy
plek koning geword.

*Regering van die goddelose Manasse.*

21 [d]MANASSE was twaalf jaar
oud toe hy koning geword
het, en hy het vyf-en-vyftig jaar in
Jerusalem geregeer; en die naam van
sy moeder was Hefsíba.
2 En hy het gedoen wat verkeerd
was in die oë van die HERE, volgens

d Tot vers 9.
II Kron. 33: 1-9.

e Tot vers 19.
Jes. 39: 1-8.

2020-vertaling

**Manasse koning van Juda**

21 Manasse[d] was twaalf jaar oud toe
hy koning geword het, en hy het vyf-
en-vyftig jaar lank as koning geheers in
Jerusalem. Sy moeder se naam was Hefsiba

**Manasse:** 1 Kron 3:13; Matt 1:10 **21:1-9** 2 Kron 33:1-9

Vrae:
1. Is dit belangrik dat hy 12 was?
2. As hy so goddeloos is, waarom 55 jaar regeer?
3. Is hy verlore of gered?

Antwoorde:

1: Is dit belangrik dat hy 12 was?

- Pa Hiskia dodelik siek, moet sterf!
- Lewe met 15 jaar verleng. Dus: Manasse nog nie gebore!
- 12: Ouderdom Joodse seun kerklik volwasse – Bar Mitzvah

2: As hy so goddeloos is, waarom 55 jaar regeer?
3: Is hy verlore of gered?

11 Toe het die Here die leëraanvoerders van die koning van Assirië laat
kom, en hulle het Manasse gevange geneem, hake deur sy neus gesteek,
hom geboei met bronskettings en hom na Babel toe gevat. 12 Toe dit met
hom so sleg gaan, het hy die Here sy God om genade gesmeek, groot
berou getoon voor die God van sy voorvaders, 13 en gebid. Die Here was
hom genadig en het sy smeekbede verhoor en hom laat terugkom na
Jerusalem, na sy koningskap toe. Toe het Manasse geweet dat die Here
God is.

DIE BYBEL IS SONDER VERSE EN HOOFSTUKKE GESKRYF.

OPSKRIFTE IS NIE DEEL VAN DIE BYBEL NIE

Manasse toerekeningsvatbaar – verantwoordelik voor God

2 Kronieke 33:1 – 9 gee ook die verhaal – maar gee meer inligting!

Die Here gee hom baie tyd om tot bekering te kom – maar toe hy nie luister nie, ruk die Here hom terug as verbondskind.

# Ek som op:

Ek moet uiteindelik die hele Bybel lees

Ek moet verstaan wat ek in die Bybel lees

Ek moet konstruktief lees:

- Hou rekord van watter gedeelte ek gelees het;
- Maak notas oor wat ek verstaan wat die Here vir my sê;
- As daar iets is wat ek nie verstaan nie, skryf dit neer.
  - Kyk of daar ander dele in die Bybel is wat oor dieselfde saak handel. Lees dit ek kyk of dit die antwoord gee.
  - As ek nie die antwoord daar kry nie, stuur ek vir die dominee die vraag met Whatsapp. As hy antwoord, skryf dit neer.

Die Bybel is veel meer as interessante feite. Dit lees 'n leefwyse van genade, vrede en liefde. Ek moet dit leer, gehoorsaam en my eie maak.

Daar is duisende juwele in die Woord van God. Ek het die verantwoordelikheid om dit te ontdek, te set in die goud van genade en dit te gebruik tot Sy eer.